Wes-Kaapse Regering

Kultuursake en Sport



# Departement van Kultuursake en Sport Jaarverslag aan Burgers 2010/11

## Wie ons is

Ons is die Departement van Kultuursake en Sport. Ons werk is om uitnemendheid en inklusiwiteit in sport en kultuur te bevorder deur middel van kreatiewe vennootskappe met andere. Ons skep die geleenthede vir toegang en massadeelname, talentidentifikasie en vaardigheidsontwikkeling.

## Wie is in beheer?



- **Die Minister is: Dr. Ivan Meyer.**
  Hy is 'n verkose politikus en verantwoordelik vir die bestuur van die Departement se aktiwiteite ooreenkomstig die nasionale en provinsiale regeringsbeleid.



- **Die Departementshoof is: Mnr. Brent Walters.**
  Hy is 'n staatsamptenaar, aangestel om te verseker dat die Departement die beleide en voorskrifte van die Minister en die regering doeltreffend en effektief implementeer.

## Ons hoofdoelwit

Die Departement is daarvoor verantwoordelik om 'n sosiaal-inklusiewe Wes-Kaap te skep deur middel van sport, kuns en kultuur.

## Wat ons doen

Ons hoofdienste aan u as kliënt is:

**Kuns- en Kultuurdienste** — om kuns en kultuur te ontwikkel, te bewaar en te bevorder deur die volgende:

- Befondsing van kuns- en kultuurorganisasies in die provinsie
- Kapasiteitsbou en opleiding van kunsadministrateurs en kunstenaars
- Vennootskappe/samewerking met organisasies, munisipaliteite en onderwysinstellings
- Gebeurtenisse (Kreatiewe platforms: Feeste)
- Administratiewe ondersteuning aan die Wes-Kaapse Kultuurkommissie

**Museums en Erfenishulpbrondienste** — om die provinsie se erfenis te bevorder en te bewaar deur museumdienste en -organisasies deur:

- Befondsing vir provinsiaalgesteunde museums
- Uitreikprogramme na gemeenskappe
- Ontwikkeling van beleide
- Navorsing en ontwikkeling van uitstallings
- Opvoedkundige programme vir skole
- Administratiewe ondersteuning aan die Wes-Kaapse Erfenisraad

**Taaldienste** — om die drie amptelike tale in die Wes-Kaap te bevorder as deel daarvan om trots en begrip onder ons mense te bou; en om gemarginaliseerde inheemse tale aktief te ontwikkel deur:

- Vertaaldienste vir provinsiale regeringsdepartemente
- Tolkdienste vir provinsiale regeringsdepartemente
- Bevordering van die Wes-Kaapse Taalbeleid in die provinsiale regering
- Administratiewe ondersteuning aan die Wes-Kaapse Taalkomitee
- Bevordering van Nama en Suid-Afrikaanse Gebaretaal

**Biblioteekdienste** — om biblioteek- en inligtingsdienste te lewer deur:

- Verskaffing van nuwe biblioteekmateriaal aan biblioteke
- Bevorderingsprojekte, bv. geletterdheidsveldtogte
- Opleidingsprogramme vir biblioteekpersoneel
- Implementering van Inligting en Kommunikasietegnologie-infrastruktuur in biblioteke
- Toegang tot die internet vir biblioteekgebruikers
- Verbeterde toegang tot biblioteke deur mobiele boekewaentjies
- Befondsing vir munisipale biblioteke

**Argiefdienste** — om argief- en rekordbestuurdienste te verskaf deur:

- Restourasie en bewaring van historiese dokumente
- Gemeenskapsbewusmakingsprogramme en uitstallings
- Mondelingegeskiedenisprogramme
- Nasionale gebeurtenisse, bv. Nasionale Argiefweek
- Bestuur van argiefrekords
- Bestuur van leeskamers vir navorsingsdoeleindes

**Sport** — om geleenthede in sport te bevorder deur die verskaffing van toeganklike en bekostigbare fasiliteite, programme en dienste deur:

- Befondsingsondersteuning aan geaffilieerde provinsiale en streeksportfederasies
- Opleiding in sportadministrasie
- Opleiding van tegniese beamptes
- Sportontwikkelingsaktiwiteite
- Konstruksie en verbetering van sportfasiliteite
- Hoëprestasie-sportprogramme
- Gestremde sport en vroue en dogters in sport
- Sporttransformasie
- Groot byeenkomste
- Sporttoekennings

**Rekreasie** — om te help met die bevordering van ontspanning, aangepaste aktiwiteite en sport deur:

- Die vestiging van ontspanningsgebaseerde organisasies
- MGO- (**m**assadeelname; **g**eleentheid en toegang; **o**ntwikkeling en groei) rekreasiesentrums
- Talentidentifikasie
- Hoëprestasiegebaseerde kampe
- Spilfeeste

**Skolesport** — om toegang en geleentheid in sport vir skole en hulle leerders te skep deur:

- MGO-sportsentrums
- Liga- en toernooikompetisies en -feeste
- Vaardigheidsontwikkeling
- Talentidentifikasie
- SHARP-sentrums (**S**port, **H**oër prestasie en **A**fronding deur **R**ekreasie**pro**gramme)
- Wes-Kaapse Sportskool

**2010 Wêreldbekereenheid** — om 'n gunstige omgewing te skep vir die suksesvolle aanbieding van die 2010 FIFA Wêreldbeker™ deur:

- Straatsokker
- Kapasiteitsbou en sektorvaardigheidsontwikkeling
- Gasheer te wees vir die provinsiale fanjols
- Aftelgebeurtenisse
- Ondersteuning van handwerkkunstenaars

## Ons organisasie en personeel

i) Personeel
Ons het 616 personeellede wat by 51 provinsiale terreine gestasioneer is.

Werknemerdemografie:

| | | |
|---|---|---|
| Indiër | 3 | (0.5%) |
| Wit | 119 | (19.3%) |
| Swart | 177 | (28.7%) |
| Kleurling | 317 | (51.4%) |

Werknemersgeslag:

| | | |
|---|---|---|
| Manlik | 306 | (49.7%) |
| Vroulik | 310 | (50.3%) |

Werknemers met gestremdhede:

| | |
|---|---|
| Manlik | 1 |
| Vroulik | 1 |



ii) Tale deur werknemers gepraat
Engels, Afrikaans en Xhosa is die drie amptelike tale van die Wes-Kaap. Die meerderheid van ons personeel kan twee van die drie amptelike tale van die provinsie praat.

iii) Diensleweringsentrums
- Hoofkantoor: Protea Assuransie-gebou, Groentemarkplein, Kaapstad. Tel: 021 483 9503
- Oudtshoorn Kultuurdienste: De Jager Sportkompleks, Voortrekkerweg, Oudtshoorn. Tel: 044 272 6165
- Vredendal Kultuurdienste: Kantoor 31, Matzikammaweg, Vredendal. Tel: 027 213 3018
- Boland Streeksportkantoor: Van der Lingenstraat 11, Paarl. Tel: 021 872 1337
- Metropool Streeksportkantore: Hartleyvale-kantoor, h.v. Liesbeeck Park- en Stasieweg, Observatory. Tel: 021 447 3094
- Weskus Streeksportkantoor: Ou Mediese Gebou, Hillstraat 5, Vredenburg. Tel: 022 713 2727
- Provinsiale Biblioteekdiens: h.v. Hospitaal- en Chiappinistraat, Groenpunt. Tel: 021 483 2273
- Argiefdienste: Roelandstraat 72, Kaapstad. Tel: 021 483 0400
- Provinsiale Museums: Bartolomeus Dias Museum in Mosselbaai, George Museum, Kaapse Mediese Museum in Groenpunt, Worcester Museum.
- Provinsiaalgesteunde museums: Beaufort-Wes Museum, Caledon Museum, CP Nel Museum (Oudtshoorn), Drostdy Museum (Swellendam), Fransie Pienaar Museum (Prins Albert), Genadendal Museum, Groot Brakrivier Museum (Porterville), Houtbaai Museum, Hugenote Gedenkmuseum (Franschhoek), Koringmuseum (Moorreesburg), Montagu Museum, Ou Hawe Museum (Hermanus), Oude Kerk Volksmuseum van 't Land van Waveren (Tulbagh), Paarl Museum, Robertson Museum, Skeepswrak-Museum (Bredasdorp), SA Sendinggestig Museum (Kaaptad), Simonstad Museum, Stellenbosch Museum, Togrygersmuseum (Ceres) en die Wellington Museum.

## Ons begroting

Ons begroting vir 2010/11 is R294 704 000. Die Departement het daarin geslaag om R294 023 000 aan te wend.

Uiteensetting van begrotingstoekennings:

| | |
|---|---|
| Kompensasie van personeel | R118 190 000 |
| Programme | R175 833 000 |
| **TOTAAL** | **R294 023 000** |


Uiteensetting van toekennings per program:

| | |
|---|---|
| Administrasie | R33 008 000 |
| Kultuursake | R59 533 000 |
| Biblioteek- en Argiefdienste | R118 960 000 |
| Sport en Rekreasie | R78 522 000 |

## Hoe het ons in 2010/11 gevaar?

| Dienste | Prestasies behaal | |
|---|---|---|
| Kuns- en kultuurdienste | 4 | koördinerende strukture gevestig |
| | 44 | gebeurtenisse gereël |
| | 3 073 | deelnemers gelok |
| | 147 | kunstenaars opgelei |
| | 60 | kultuuradministrateurs opgelei |
| | 4 | geakkrediteerde programme verskaf |
| | 4 | leerderskapprogramme geïnisieer |
| | 11 | samewerkingsgeleenthede met professionele organisasies en inrigtings |
| | 554 | kunstenaars opgelei deur befondsing van NRO's |
| | 15 | mentorprogramme geïnisieer |
| | 5 660 | persone het openbare optredes bygewoon (gehoorontwikkeling) |
| | 4 | breë- en subkomiteevergaderings gehou deur die Kaapse Kultuurkommissie |
| Museums en Erfenishulpbron-dienste | 331 184 | mense het plaaslike en provinsiaal-gesteunde museums besoek en die fasiliteite benut |
| | 2 | permanente uitstallings deur Museumdiens geïnstalleer |
| | 5 | brosjures en publikasies versprei |
| | 4 | vennootskapsooreenkomste gesluit |
| | 50 | geografiese name hersien |
| | 1 | konsep- Provinsiale Museumdiensbeleid deur die LUR afgeteken |
| | 18 | provinsiaalgesteunde museums in stand gehou |
| | 4 | plaaslike museums in stand gehou |
| | 3 | betekenisvolle dae aangebied |
| | 278 | deelnemers aan skoleuitreikprogramme |
| | 3 | navorsingsprojekte voltooi |
| | 2 | reisende uitstallings voltooi |
| | 3 | nuwe opvoedingsprogramme ontwikkel |
| | 1 | nuwe raad vir Erfenis Wes-Kaap aangestel |
| Taaldienste | 817 | dokumente vertaal |
| | 3 | veeltalige publikasies versprei |
| | 17 | tolkdienste gelewer |
| | 25 | persone bemagtig om vertalings te lewer |
| | 1 | taalkoördineringstruktuur gestig |
| | 6 | Provinsiale Taalforumvergaderings gehou |
| | 5 | aktiwiteite gehou wat veeltaligheid bevorder |
| | 2 | projekte gemik op die regstel van taalkundige wanbalanse van die verlede |
| | 7 | projekte vir die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde tale (Nama) en Suid-Afrikaanse Gebaretaal |
| | 12 | departemente wat baat gevind het by taaldienste |
| Biblioteek- en Argiefdienste | 303 326 | nuwe biblioteekitems onder 336 provinsiaalgesteunde biblioteeksentrums in die Wes-Kaap versprei |
| | 7 027 | tydskrifsubskripsies |
| | 13 | promosieprojekte soos Nasionale Biblioteekweek aangebied |
| | 321 | biblioteekwerkers opgelei in 14 kapasiteitsbou-intervensies |
| | 5 | landelike terreine wat baat gevind het by die mobiele biblioteekdiens |
| | 20 | biblioteke wat baat gevind het by die Inligting en Kommunikasietegnologie-infrastruktuur |
| | 1,2m | biblioteekgebruikers |
| | 31 | regeringsargiefliggame geïnspekteer |
| | 153 | rekordsbestuurpersoneel opgelei |
| | 8 608 | navorsers het die Argief besoek |
| | 20 | argiefgroepe gerangskik vir maklike toegang |
| | 554 | dokumente gerestoureer |
| | 8 | bewusmakingsprogramme in gemeenskappe bekendgestel |
| | 2 | mondelingegeskiedenisprogramme aangebied |
| | 2 | internasionale gebeurtenisse |
| | 5 | nasionale gebeurtenisse |
| | 1 | provinsiale gebeurtenis |
| | 47 369 | rekords nageslaan deur navorsers |





| | | |
|---|---|---|
| Sport | 107 | geaffilieerde provinsiale en streeksfederasies deur befondsing ondersteun |
| | 489 | sportadministrateurs en vrywilligers opgelei |
| | 58 | afrigters opgelei |
| | 196 | tegniese beamptes opgelei |
| | 5 016 | atlete wat gebaat het by sportontwikkelings-aktiwiteite |
| | 6 | sporttoekenningseremonies gehou (vier streeksporttoekennings, die provinsiale sporttoekenningseremonie en die sportlegendes-toekenningseremonie) |
| | 1 | nuwe sportfasiliteit gebou |
| | 4 | sportfasiliteite opgegradeer |
| | R2,4m | vir infrastruktuur en fasiliteite oorgedra aan vyf munisipaliteite wat agt projekte opgelewer het |
| | 25 | deelnemers opgelei en deur hoëprestasie-programme ondersteun |
| | 128 | deelnemers by hoëprestasieprogramme betrek |
| | 22 | groot sportgeleenthede deur die Departement ondersteun, insluitend die Cape Argus Pick n Pay-fietstoer, die Two Oceans Marathon en die Discovery Cape Times Big Walk |
| | 248 | atlete ondersteun in hulle deelname aan hoëprestasiesport by internasionale gebeurtenisse |
| Rekreasie | 2 | rekreasiestrukture ondersteun |
| | 5 | MGO-rekreasiesentrums as 'n loodsprojek bekendgestel |
| | 81 | rekreasiesportgeleenthede gekoördineer |
| | 28 913 | mense het aan rekreasiesportgeleenthede deelgeneem |
| | 408 | deelnemers aan die provinsiale balspele-toernooi |
| | 106 | aktiwiteitskoördineerders het 'n geakkrediteerde byeenkomsbestuurskursus by die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie suksesvol voltooi |
| Skolesport | 1 339 | leerders het deelgeneem aan interprovinsiale (nasionale) sportkompetisies |
| | 52 | spanne het deelgeneem aan nasionale sportkompetisies |
| | 98 | MGO-sportsentrums met 'n gemiddeld van 19 370 leerders wat hierdie sentrums per week bywoon |
| | 289 | leerderatlete by die Wes-Kaapse Sportskool ingeskryf |
| | 57 | atlete in die nasionale skolespan |
| | 61 | atlete in senior federasiespanne |
| | 20 | atlete in nasionale senior federasiespanne |
| | 8 | SHARP-sentrums gestig |
| | 17 | skoolgebaseerde kodes wat interskole-ligawedstryde in elke distrik speel |
| | 7 | distriksgebaseerde Inheemse Spele-feeste |
| | 4 | afrigtergebaseerde afrigtingsklinieke gehou |
| | 4 | atletiekgebaseerde afrigtingsklinieke gehou |
| | 5 | sporttoekenningseremonies gehou |
| | 2 | fasiliteite verskaf en ondersteun |

| | | |
|---|---|---|
| 2010 Wêreld-bekereenheid | 5 | fanjols (openbare toeskouerareas), een in elke Distriksmunisipaliteit |
| | 5 | kultuurprogramme by sokkerwestryde aangebied |
| | 1 540 | skole vir die "My 2010 School Adventure"-program geteiken |
| | 2 | kapasiteitsbouwerkswinkels vir die ontwikkeling van opgeleide sokkerskeidsregters |
| | 240 | vrywilligers ter voorbereiding van die 2010 FIFA Wêreldbeker™ opgelei |
| | 7 | straatsokkergeleenthede gebruik om vaardighede in gemeenskappe te ontwikkel |
| | 115 | afrigters in die "Stars in their Eyes"-sokkerontwikkelingsprogram opgelei |
| | 225 | jeugdiges tussen 12 en 17 jaar oud opgelei deur gekwalifiseerde afrigters van "Stars in their Eyes"-sokkerontwikkelingsprogram |
| | 10 | tweeling-voetbalklubs tot stand gebring in die "Stars in their Eyes"-sokkerontwikkelingsprogram |
| | 120 | jeugdiges by gespesialiseerde klubs opgelei |
| | 6 | gespesialiseerde sokkerklinieke aangebied |
| | 2 | ontwikkelingsprogramme geïmplementeer |
| | 5 | aftelklokke in vyf plaaslike munisipaliteite |

## Inisiatiewe om dienslewering te verbeter

Kuns- en kultuurdienste het sy samewerking met belanghebbendes versterwig, wat sy genre-ontwikkelingsprogram nog meer suksesvol gemaak het. Danksy die monitering van befondsde organisasies was daar 'n hegter werksverhouding tussen die Departement en burgerlike verenigings.

Die Biblioteekdiens het sy mobiele boekewaentjies bekendgestel by Buffeljagsbaai, Aslapark (Somerset-Wes), Sonskynvallei (Mosselbaai), Wandsbeck (Robertson) en Sandshill (De Doorns). Dit het gemeenskappe in afgeleë landelike gebiede toegang tot biblioteekmateriaal gebied. Twintig biblioteke is voorsien van Inligting- en Kommunikasietegnologie-infrastruktuur. Dit sal mense vrye toegang tot die internet gee en bydra tot landelike ontwikkeling.

Sport en Rekreasie het sy MGO-sentrums (**m**assadeelname; **g**eleetheid en toegang; **o**ntwikkeling en groei) oor die provinsie heen geopen. Dit het 'n toename in die deelname van kinders, jeugdiges en gemeenskapslede aan sport en menslikebewegingsaktiwiteite meegebring. Gemiddeld 19 370 leerders/atlete woon elke week die MGO-sentrums by.

## Ander verwysings

- Sien die Departement van Kultuursake en Sport se Jaarverslag 2010/11 vir meer inligting oor die Departement se prestasies.
- Diensstandaarde is vervat in die departementele diensleweringsverbeteringsplanne.

## Hoe om ons te kontak

Kontak ons gerus vir verdere inligting, voorstelle en/of positiewe terugvoering:

Die Bestuurder
Annerie Pruis
Waarnemende Hoof van Kommunikasie
Bemarkings- en kommunikasie-eenheid
1ste Vloer, Protea Assuransie-gebou
Groentemarkplein
Kaapstad
8000

Tel: 021 483 9514  Faks: 021 483 9521
E-pos: Annerie.Pruis@pgwc.gov.za



